Publication: Beeld (Uitgawe 1)
Date: 2015-12-02
Page: 20

Beeld

Zuma en Kie. blind vir die krisis in die ekonomie

'n Oorblufte regering, gespanne vasgevang in 'n stryd om politieke oorlewing in die plaaslike verkiesings volgende jaar, is waarskynlik tans blind vir die gevaarseine uit die jongste sakevertroue-indeks wat RMB en die Universiteit Stellenbosch se Buro vir Ekonomiese Ondersoek pas uitgereik het.

Hiervolgens is Suid-Afrikaanse sakelui se vertroue tans op die laagste vlak in vyf jaar. In Oktober het die Suid-Afrikaanse Kamer van Koophandel se eie weergawe van 'n sakevertroue-indeks dit gereken op die laagste vlak in 22 jaar.

Waarnemers wys daarop dat sakevertroue ook so skerp geval het ná oudpres. PW Botha se Rubicon-toespraak in 1985. Dis insiggewend om te kyk na die omstandighede wat heers rondom hierdie rekordlaagtepunte van sakevertroue – dis gewoonlik wanneer regerings meer gefokus is op gewaande eksterne bedreigings en op hul eie oorlewing.

In 1985 was dit die Rooi Gevaar en die begin van die einde van die Nasionale Party.

In 2015 is dit pres. Jacob Zuma en sy binnekring se pogings om te oorleef te midde van 'n skeurende arbeidsbeweging wat eens hul getroue verkiesingsvennoot was, en 'n reeks gewaande vyande in die vorm van bose buitelandse kapitaliste, die media en 'n "derde mag" wat "transformasiedoelwitte" wil kelder.

In albei gevalle het die leiers hul oog van die ekonomie gehaal.

As die regering Suid-Afrika werklik wil help bou, moet hy sy finansierders – korporatiewe en persoonlike belastingbetalers – wys dat hy hul geld doeltreffend gebruik. En as hy die geldkraantjie aan die vloei wil hou, moet hy sorg dat daardie finansierders veilig en toegerus met groeigeleenthede voel. As belastingbetalers se welvaart groei, kan die staatskas groei – so eenvoudig soos dit.

Maar te midde van lae sakevertroue stel die regering se geldbestuur nie kredietgradeerders tans gerus nie, met 'n dreigende afgradering van Suid-Afrika se beleggingstatus deur Fitch wat later vandeesweek kan volg.

Dit het tyd geword dat die sakesektor – plaaslik en internasionaal – klinkklaar die implikasies hiervan aan die owerhede uitspel om 'n verdiepende krisis af te weer.

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission